# HOOFSTUK 1



Dinsdag-oggend

"TC, ou, as jy my help, sal ek jou ewige, dankbare slaaf wees." Einstein kreun as hy hom tussen my en TC op die boonste sitplek van die pawiljoen inwurm. Die hout en yster kreun saam as sy byna twee meter lange lyf die stellasie tref. TC maak of hy hom nie hoor nie. TC is die slimste ou wat ek ken. Hy weet van alles, nie net van skooldinge nie. Soms dink ek hy is slimmer as Google.

"Ou Pythagoras is van sy kop af, man. Hy gee vir ons somme wat niemand kan doen nie. Kyk!" Einstein haal 'n gekreukelde werkblad uit sy broeksak. Einstein se regte naam is eintlik Albert. Albert Johannes Vermaak. Maar almal behalwe sy ma noem hom Einstein. Hy eet, slaap en droom net rugby. Op die rugbyveld is hy kookwater, maar in die klaskamer skaars louwarm. Want wie hoef nou te leer en huiswerk te doen as jy eendag die groen-en-goud oor jou kop gaan trek?

TC hou die bladsy vieserig tussen sy duim en wysvinger vas. "Sies, man. Dit lyk of jy die ding vir 'n tafeldoek gebruik het. Dit is dan die ene konfyt en tamatiesous."

"Skuus. Ek dink beter as my maag vol is," verdedig Einstein homself en haal 'n groot boksie Smarties uit sy baadjiesak.

"Dit lyk nie of dit werk nie," spot ek.

Hy ignoreer my en pleit verder by TC. "Asse-groot-blief, ou. Almal weet jy is die slimste lat in die skool."

"Almal behalwe Pythagoras en al die ander onnies," merk ek droog op.

"Dis pouse. My brein hiberneer nou," keer TC.

"Jou brein wat?" vra Einstein verward. "Hoekom kan jy nie Afrikaans praat soos die res van ons nie?"

"Hy bedoel maar net sy brein is pouses afgeskakel," verduidelik ek.

"Werner, wees 'n pel en sê hy moet sy brein ont-afskakel. Dit is nou-nou Wiskunde en ek moet die antwoord hê." Einstein pleit amper op sy knieë. Ek skud my kop.

"Lees." TC druk die vuil werkblad terug in sy hande.

"Goed, goed." Einstein begin sukkelend lees. "Een-en-negentig rand moet tussen Alex, Ben en Chris verdeel word in die verhouding een, dubbelpunt, twee, dubbelpunt, vier. Hoeveel kry elkeen? Toe, toe, wat is die antwoord?"

"Die Smarties. Gee hier, dan wys ek jou." TC hou sy hand uit. Einstein skud sy kop onwillig, maar plaas dan tog die boksie in sy uitgestrekte hand. TC gee dit op sy beurt na my toe aan.

"Hier. Tel."

"Ses-en-negentig," sê ek na ek klaar getel het. TC haal vyf swart Smarties uit die pakkie en gooi dit in sy mond.

"Hoeveel is daar nou, Werner?" vra hy terwyl hy kou.

"Een-en-negentig." Einstein sukkel nog om die som op sy selfoon uit te werk.

"Reg. Einstein, jy is Alex, Werner is Ben en ek is Chris."

"Dit is nie regverdig nie. Ek wil Chris wees," kla ek, want ek sien wat besig is om te gebeur.

"Soos Bill Gates sou gesê het: *Life's not fair. Get used to it.*" TC draai na Einstein toe. "Gee nou een Smartie vir Alex. Dis nou jyself. Dan twee vir Ben. Dit is Werner. Dan vier vir Chris. Dis ek. Nou begin jy weer van voor af."

"Hoeveel het jy oor?" vra TC nadat Einstein die proses dertien keer herhaal het.

"Dertien," sê Einstein na hy sy hand vol lekkertjies taai getel het.

"En jy?" TC kyk na my.

"Ses-en-twintig." Ek het nie nodig om te tel nie.

"En ek het twee-en-vyftig. Daar het jy jou antwoord." TC gooi die helfte van sy Smarties in sy mond. Hy staan op en stap weg terwyl hy die res van die lekkertjies een vir een opeet.

Einstein skud sy kop verontwaardig. "Jis. Die ou kan darem partykeer so slim wees en ander kere weer so dom!"

"Hoe nou?" Ek sluk my laaste Smartie in.

"Soos nou net. Die som sê tog duidelik rande en nie Smarties nie."

"Wat?"

"Ek grap net, ou," sê hy, maar ek is nie seker of hy dit bedoel nie. Hy skud sy amper leë boksie Smarties verbaas. "Want as TC sê dit is die antwoord, dan is dit so. Finish en klaar."

## Dinsdagmiddag

Ons bus is weer laat en ek en Einstein sit met ons rûe teen Hoërskool Algoa se draadheining. Ons praat nie eintlik nie. Einstein gooi 'n gehawende rugbybal in die lug en probeer dit dan toe-oë vang.

"Wat het ou Pythagoras toe gesê?" vra ek later.

"Jy sal my nie glo nie, ou," lag hy uit sy maag. "Sy bek het oopgehang toe ek die regte antwoord gee." Hy kyk na die blou lug bokant ons. "Ek weet nie hoekom nie, maar Pythagoras sê hier kom groot reën."

"Wat Pythagoras eintlik bedoel, is …" Gelukkig kom hou Algoa se blou-en-wit bus voor ons stil. Ons staan stadig op.

"Miskien is hy reg. In Port Elizabeth kan die weer drie keer per dag verander," mymer Einstein.

"Wat doen jy vanmiddag?" Ons wag dat die seniors eerste inklim.

"My EBW-taak. Ek het nog nie begin nie en dit moet môre in wees."

"Maar ons het die ding dan al maande gelede gekry."

"Ek werk beter onder druk," sê hy verleë.

"Kan Annika jou nie help nie?"

"No ways. Sy doen haar dinge en ek doen myne. Al waarvoor tweelingsussies goed is, is dat almal jou pel wil wees."

Ek voel hoe die warmte van my tone af na my gesig toe opstoot. "Aag, issie," keer ek heeltemal te vinnig. Ek weet sy sien my nie eers raak nie, maar 'n man kan darem bly hoop.

"Dis oukei. Jy's nie te bad nie. Dis die ander klomp wat ek nie kan vat nie. Wat doen jy vanmiddag?"

"Nog nie besluit nie. Miskien maak ek 'n draai by ou TC." Ek was lanklaas by TC se huis, al nooi hy my gereeld. Ek weet ek sal nie kan gaan nie, want ek moet vir Oupa oppas.

"As ek gou klaarmaak, val ek ook dalk daar uit." Ek skud maar net my kop. Dit het my langer as twee weke geneem om die taak klaar te maak.

"Middag, Oupa." Ek sit my tas langs die eetkamertafel neer.

"Middag, Willem. Jy is vroeg terug van die werk vandag." Ek bly liewer stil. Oupa het my weer met my oorlede pa verwar.

"Wat is daar vir middagete, Oupa?"

"Bobotie en geelrys. En doekpoeding vir nagereg."

"In your dreams," roep Stina uit die kombuis. "Wors en mash. Sonder poeding. Jy onthou dat dit my af middag is?"

"Agge nee," kla ek omgekrap. "Ek wou later na TC toe gegaan het."

"Jy moet na Oupa kyk."

"Ek weet," sê ek, maar sy kan aan my stem agterkom dat ek nie gelukkig is nie. Om na Oupa te kyk is 'n voltydse werk. As ek hom nie heeltyd dophou nie, loop hy sommer weg. Soos laas Dinsdag.

"Skaam jou, Werner. Jou oupa kan nie help dat hy siek is nie. Wat hy nou nodig het, is liefde en omgee."

Ja, oukei, dink ek, maar bly liewer stil. Stina sit die pan op die tafel neer en skud haar kop. Sy skep 'n homp aartappel in my bord. "Kan TC nie liewer hiernatoe kom nie?"

"Ek sal hom vra," antwoord ek teleurgesteld. "Stina, wat is doekpoeding?"

“Nie ’n idee nie. Ek sal môre in Kook en Geniet kyk en as dit nie te moeilik is nie, dan maak ek dit vir aandete.”

“Stina, jy is ’n ster.”

“Nice try, maar dit is nog steeds my af dag.”

“Kan ek vir Oom die TV aansit?” vra TC en oupa Ig se gesig helder dadelik op.

“Dankie, boetman.”

“Wat wil Oom kyk?”

“E-e-e, Egoli.”

“Oom, Egoli is nie meer ...” begin TC verduidelik, maar ek gryp die afstandbeheerder uit sy hand en kies die eerste die beste kanaal. Twee teddiebere jaag mekaar oor die skerm.

“Daar is hy, Oupa. Egoli.”

“Dankie, Willem.” Oupa Ignatius gaan stadig op die rusbank sit. “Jy is vroeg van die werk af.”

“Ja, Oupa.” Ons gaan in die eetkamer sit. Ek sit só dat ek oupa Ig kan dophou.

“Jou oupa ...” TC skakel my rekenaar aan. Die ding is ouer as Bill Gates en dit vat vir ewig om op te warm. TC gaan hom vanmiddag vinniger maak. As iemand dit kan doen, is dit TC. “Hy lyk bietjie erger vanmiddag. Wanneer het hy siek geword?”

“So twee jaar gelede.”

“Dis toe jou pa oorlede is?”

“Ja.”

“Hy lyk so normaal as ’n mens na hom kyk,” merk hy op.

“Dis wat dit so moeilik maak. Partykeer vergeet ek dat hy eintlik siek is.”

"Dit is Alzheimers, nè?" Ek antwoord nie. "Dan is daar niks wat hulle vir jou oupa kan doen nie. Dit gaan net erger word."

"Ja, ek weet." Ek staan op en stap om die eetkamertafel sodat TC nie my nat oë moet sien nie. Ek gaan weer langs hom sit. "My oupa is nie net my oupa nie, hy is ook my maat. My speel-oupa. Tot anderdag. Dit is net dat hy nie meer so mooi kan onthou nie. Sommige dae gaan dit goed, maar ander dae het hy nie 'n idee wat om hom aangaan nie." Ek sluk die knop in my keel weg. Dit breek my hart om my oupa so te sien swaar kry. "Ek weet daar is baie kinders, waarskynlik in ons klas ook, met oupas en oumas wat siek is met Alzheimers, maar hulle praat nie eintlik daaroor nie."

TC weet nie wat om te sê nie en hou hom met my rekenaar besig.

"Aan die begin het ek geglo dat Oupa weer gesond gaan word," praat ek verder. "Ek het maar bly hoop dat daar iets is wat die dokters kan doen sodat hy beter kan word, maar ek weet nou dit gaan nie gebeur nie."

"Ek het nooit een van my oupas of oumas geken nie," sê TC saggies. "Hulle is almal dood lank voor ek gekom het."

"Stina het eendag gesê dit is nie belangrik dat Oupa ons so maklik vergeet nie. Dit is belangriker dat ons hóm nooit sal vergeet nie." Ek bly 'n lang ruk stil. "Ek en Oupa het gereeld gaan visvang. Net die twee van ons. Wat ek van visvang weet, het hy my geleer."

"Ons moet eendag gaan visvang. Ek en jy en jou oupa. Dit sal wonderlik wees." TC spring op en slaan my teen die linkerskouer. "Toe, hoe lyk dit, ou?"

"Ek weet nie so mooi nie." Ek moet my inhou om nie my skouer te vryf nie. Hy kan nogal hard slaan met so 'n maer armpie.

"Kom nou. Dit gaan fantasties wees, man."

"Oukei, hoekom nie? Ek sal net eers my ma moet vra. Ek het nie geweet jy vang vis nie?"

"Ek hét nog nie eintlik nie." Hy glimlag verleë en gaan sit weer. "Jy en jou oupa kan my mos wys hoe."

"Pel, dis nie so maklik soos jy dink nie. Nie soos Wiskunde en Wetenskap wat jy net kan leer nie." Dit voel goed dat daar iets is waarin ek beter as TC is. "Maar toemaar, ons sal jou leer. Ek en oupa Ig."

"Bakgat. Wanneer kan ons gaan? Wat van môremiddag? Waar? By Koningstrand?"

"Stadig, ou. Slaan bietjie brieke aan. Ek moet eers my ma vra en ek sal eers ons katrolle en goed moet nagaan. Ons het jare laas gevang."

"Puik. Maar niks later as Saterdag nie."

"Wil Oupa dalk Saterdag saam met my en TC gaan visvang?" vra ek nadat TC weg is.

"Dit sal lekker wees, Willie."

"Ek is Werner, Oupa," help ek hom reg. Dit maak seer as hy nie eers my naam kan onthou nie.

"Jammer, Willie."

"Kom ons gaan kyk of al ons visvanggoed nog reg is," stel ek voor en help hom om op te staan. Ons stap saam na die garage, waar die visgereedskap gebêre is. Na Pappa se dood het ons dit maar min gebruik.

“Waar is die beste plek om te gaan vang, Oupa?” vra ek terwyl ek die kas oopmaak.

“Blouwaterbaai.” Ek wil sê dat ek nog nooit iets anders as sandhaaie daar gevang het nie, maar weet dis die plek waar hy die maklikste sal kan stap.

“Watter stokke moet ons saamvat, Oupa? Ons gaan drie nodig hê.”

Hy haal die drie beste stokke van die rak af. Die stokke lyk heelwat groter as wat ek onthou. Die langste een was Pappa s’n.

“En katrolle, Oupa?”

“Penn. Hierdie nuwe goed is net gemors.” Ek haal drie Penn-katrolle uit en sit dit in die kas. “Ons moet tjokka kry vir aas. Ons moet by *Hook, Line & Sinker* gaan kry. Hulle aas is die varsste.”

“Dit is reg so, Oupa.” Ek het hom lanklaas so op en wakker gesien. “Oupa?”

“Ja?”

“Dankie, Oupa.”

“Waarvoor?”

“Sommer maar net.”

Om ’n enkelouer te wees en nog na jou siek skoonpa ook te kyk is nie maklik nie, maar Mams doen dit sonder om te kla. Daar is altyd kos op die tafel. Lekker kos. Sy is nog steeds ’n mooi vrou, al sien ek die plooitjies rondom haar oë word meer. Sy sing en lag ook nie meer so baie nie. Dit is seker omdat sy so hard moet werk om vir ons te kan sorg. Of miskien is dit vandat oom Daan by haar begin kuier het.

Die beste manier om 'n "ja" uit haar te kry, is om te vra sodra sy by die huis kom. As sy eers tyd het om verskonings uit te dink, kan ek maar vergeet. "Mams, kan ek en Oupa en TC Saterdag by Blouwaterbaai gaan visvang?"

"Hierdie Saterdag?" Sy hang haar sleutels aan die bord in die kombuis op. "Jy onthou nog dat ek en oom Daan Saterdag Uitenhage toe gaan? Ek wil hê jy en Oupa moet saamgaan."

"O ja." Ek maak asof ek vergeet het, maar ek het nie. Dan speel ek my joker. "Mams, ek en Oupa wil eerder gaan visvang as om saam te gaan. Daar gaan tog net grootmense wees. Ons gaan ons morsdood verveel. Julle kan ons net aflaai en weer kom haal op pad terug. Asseblief, Mams."

Ek kan sien hoe die ratte in haar kop draai. Sy weet ek en oom Daan kom nie eintlik klaar nie, en hy gaan hom vir Oupa skaam. Dan knik sy haar kop.

"Goed. Ek sal hom vra. Kom, ons moet gaan aandete maak."

"Dankie, Mams."

### Woensdag-oggend

Ek sit en wag vir my twee maats op ons gewone plek op die pawiljoen. Van hier af kan ek feitlik die hele skool dophou. TC en Einstein. Ek kan nog nie verstaan hoe of hoekom ons maats geword het nie. Sommer van die eerste dag in graad 8 het ons drie net gekliek, al verskil ons soos sout en peper.

Einstein is 'n kop langer as al die ander seuns in ons klas. Almal is maar skrikkerig vir hom totdat hulle hom eers leer ken. Hy het in die oop bank langs my kom sit en sy groot hand na my

uitgehou. "Ek is Albert, maar almal noem my Einstein." Sy stem het nie heeltemal by sy lyf gepas nie.

"Hallo, ek is Werner." Sonder dat hy wou, het dit gevoel asof hy elke beentjie in my regterhand vergruis.

TC het 'n oomblik in die klaskamer se deur gaan staan en toe in die oop bank voor my kom sit. Die ander bruin seuns het almal saam agter in die klas gesit, so dit was vir my snaaks dat hy nie by hulle gaan sit het nie.

Pouse het ons drie saam uitgestap. Dit was Einstein wat besluit het ons moet op die pawiljoen gaan sit. Partykeer kom ander ouens by ons sit, maar meeste van die tyd sit ons alleen. Einstein is nie meer in ons klas nie, maar ons bly nog beste pelle.

Einstein is so sterk soos Simson, maar vandat ek hom ken, het ek hom nog nie kwaad-kwaad gesien nie. Behalwe op die rugbyveld, natuurlik. As hy nie 'n bal in sy hande het nie, kan hy nie vir langer as tien sekondes stilsit nie. Hy lag maklik, ook vir homself. Maar as hy sy mond oopmaak, begin almal al lag. TC sê dit is omdat hy praat voor hy dink, en as hy dink, dink hy net aan rugby. Hy ken die tellings van die Springbokke se laaste tien wedstryde en weet wie elke drie gedruk het, maar weet nie altyd wie ons president is nie. Die beste is dat Einstein alles vir sy vriende sal doen. En ek bedoel álles.

En TC? Heeltemal die teenoorgestelde. Hy lyk of hy nog in die laerskool moet wees en hy het die gewoonte om sy goueraambrilletjie af te haal en met sy hemp se punt skoon te maak. Veral as hy diep ingedagte is, wat nogal baie is. Slimmer as al die onderwysers in 'n ry. Vroeër was ek te bang om met

hom te gesels, maar in sy binneste is hy maar net soos ek. Sy ryk ouers en sy IK het nie na sy kop toe gegaan nie.

En dan is daar ek, Werner. Werner wie? Ek wed die helfte van my klas weet nie wat my naam is nie. Nie vinnig nie. Nie sterk nie. Nie te dom nie, maar ook nie te slim nie. Vaal en vervelig. Amper onsigbaar. Maar nogtans is daar iets spesiaals tussen ons drie.

"As Einstein so vinnig op die rugbyveld kan beweeg as wat hy hardloop om voor in die snoepie se ry te staan, speel hy volgende jaar vleuel," merk ek op as TC langs my kom sit. "Ek wed jou hy kom hier aan met 'n Coke, 'n pakkie tjips en 'n pastei."

"Vergeet dit. Ek het nie geld om te verloor nie. Almal in die skool weet dit."

"Hoe kry hy dit reg om so ongesond te eet en tog is daar nie eers 'n bietjie vet aan hom nie, net spiere?" wonder ek jaloers.

"Sy metabolisme. Hy verbrand al die oortollige energie as hy rugby speel. Wat het jy op jou brood?"

Ek vra nie wat metabolisme is nie. "Peanutbotter en stroop. Dis al wat Stina vir my inpak. Soek jy een?"

"Dankie." Ons eet in stilte totdat Einstein langs ons kom sit. Hy sit sy pasteitjie, skyfies en Coke langs hom neer.

"Wat is 'waarskynlikheid', ouens?" vra hy as hy klaar geëet het. Hy vee die tamatiesous op sy bolip met die agterkant van sy hand af.

"Jy bedoel soos in wat is die waarskynlikheid dat jy van 'n hartaanval gaan omkap?"

"Huh?" Hy lek die laaste bietjie tamatiesous van sy kneukels af.

“Die saak staan so,” begin TC verduidelik. “Het jy geld?”

“Ja ...” kom die antwoord versigtig. Hy weet hy gaan al weer aan die kortste ent trek.

“Gee.”

“Hoekom?”

“Dan wys ek jou van waarskynlikheid.”

Einstein kyk sy maat wantrouig aan, maar haal nogtans ’n hand vol kleingeld uit sy broeksak.

“Konsentreer nou mooi,” waarsku TC.

“As ek die muntstuk opgooi en dit is kruis, kan jy dit hou. As dit munt is, is dit myne.”

“Wat is kruis en munt?”

“Kruis is kop en munt is stert,” verduidelik ek voor TC die eerste muntstuk opskiet. Nadat hy al die muntstukke opgeskiet het, tel elkeen sy hopie.

“Hoeveel het jy?”

“Een, twee, drie, vier. En jy?”

“Ook vier. So, wat is die waarskynlikheid dat dit kruis was?”

“Hoe moet ek weet?” Einstein draai na my vir ondersteuning, maar ek trek my skouers op.

“Kom ons probeer weer. Gee my jou vier munte,” en weer skiet TC die munte op. “Hoeveel het jy nou?”

“Twee. En jy?”

“Ook twee. Wat was die waarskynlikheid dat jy jou geld sou terugkry?”

Einstein skud weer sy kop en TC hou aan totdat hy al Einstein se geld gewen het.

“Verstaan jy nou van waarskynlikheid, ou?”

"Ek dink so." Hy laat sak sy kop in sy hande. "Die waarskynlikheid is nul, nè?"

"Hoekom sê jy so en hoekom wou jy weet?" vra ek, dik van die lag.

"In die Wiskundeklas. Ou Pythagoras het my gevra wat is die waarskynlikheid dat ek vanjaar graad 9 gaan deurkom. Toe sê ek ek weet nie, want ek het nog nie geleer van waarskynlikheid nie." Hy mik na die vuilgoeddrom agter die pawiljoen, maar sy leë Coke-blikkie tref die kant van die drom en spat weg. Hy staan op om dit te gaan optel en kyk vir oulaas in my rigting. "My waarskynlikheid om deur te kom is nul, nè?"

"Gaan jy sy geld vir hom teruggee?" vra ek as Einstein wegstap om die blikkie te gaan optel.

TC skud sy kop. "Wat sou hy met die geld gemaak het?"

"Nog kos gekoop het."

"So, ek doen dit eintlik vir sy gesondheid. Goed, goed. Ek sal dit môre vir hom teruggee. Wat is die waarskynlikheid dat hy nie eers môre daarvan sal onthou nie?"

"TC, wat is die waarskynlikheid om die Lotto te wen?" vra ek na 'n ruk.

"Wel, die saak staan so. Daar is twee-en-vyftig balletjies en jy het ses keuses. Die waarskynlikheid om die eerste nommer reg te raai is dus ses uit twee-en-vyftig. Om die tweede nommer ..."

"Oukei, oukei," keer ek hom voor hy verder kan gaan. "Jy het my lankal verloor. Al wat ek wil weet, is wat is die kanse?"

TC trek sy voorkop op 'n plooi terwyl hy konsentreer. Na 'n kort rukkie antwoord hy: "Om al ses nommers reg te raai, een uit 20 358 520."

“Het jy dit nou net uitgewerk?” Ek voel hoe my mond oophang. “So in jou kop?”

“Ja, hoe dan anders?” Hy lag as hy my oop mond sien. “Ek grap maar. Ek het dit anderdag uitgewerk.”

“Beteken dit dat ek meer as twintig miljoen Lotto-kaartjies sal moet koop om seker te maak ek wen?”

“Ja.” TC knik sy kop. “Dit sal jou dan meer as R100 miljoen kos en dan wen jy maar so drie of vier miljoen. Dis te sê as jy die enigste wenner is!”

“Wat sal jy doen as jy môre die jackpot wen?”

“Alles belê,” antwoord hy ernstig. “As ek nou een of twee miljoen in eiendom of aandele kan belê, hoef ek nie een dag vir die res van my lewe te werk nie.”

“Ek glo dit nie. Sal jy nie eers vir jou ’n Porsche of ’n Ferrari koop nie?”

“Wat? Wie gaan ’n Ferrari koop?” vra Einstein, wat weer langs ons kom sit het.

“TC sê as hy die Lotto wen, belê hy die hele lot in aandele, maar ek sal eers vir my ’n Porsche of ’n Ferrari koop,” antwoord ek. “Wat sal jy doen?”

“Vir my ’n Porsche en ’n Ferrari koop.” Hy mik weer met die blikkie en weer tref hy die kant van die drom. Die keer spat die blikkie weg en tref Roelof Louw se skoen. Roelof is die prefek met die grootste kop van almal. Omdat hy eerstespan-rugby en Oos-Kaap-skaak speel, glo hy hy’s die pous van PE.

“Wat dink jy doen jy?” roep hy bars, en Einstein spring vinnig van die pawiljoen af om verskoning te maak. Vir sy straf moet hy al die papiere rondom die pawiljoen optel.

"Dit was net 'n ongeluk, Roelof," roep ek van bo af. Ek weet nie hoekom ek dit doen nie.

"Bly stil, jy. Of wil jy hom kom help?" Hy weet nie wat my naam is nie. Ek weet nie of ek bly moet wees nie. Ons kyk hoe Einstein elke papiertjie moet optel terwyl Roelof hom met skrefiesoë dophou.

"Een uit twintig miljoen." Ek skud my kop. "Hoekom speel so baie mense dan die Lotto?"

"Geldgierigheid, onkunde, hoop. Almal dink net aan die groot geld wat hulle kan wen, maar nie aan die waarskynlikheid dat hulle al hulle geld kan verloor nie. Hoop is 'n gevaarlike ding."

"Is daar nie 'n manier om jou kans te verbeter nie?" por ek hom aan. "Ek is seker jy het al 'n manier uitgevind."

"Natuurlik."

"Vertel my."

"Jammer ou." Hy skud sy kop stadig. "Dit is 'n groot staatsgeheim. As ek jou vertel, sal ek jou moet doodmaak."

"Ha-ha. As jy geweet het, het jy lankal die Lotto gewen."

"Wie sê ek het nie?"

"Nou hoekom eet jy elke pouse my toebroodjies op?"

"Hoe oud moet jy wees voor jy die Lotto kan speel?" ontduik hy my vraag.

"Agtien?"

"Presies. En wie dink jy gaan my glo as ek sê dat ek agtien is?"

Ek lag. "Niemand nie. Ek weet nie eers of hulle jou sal glo as jy die dag agtien is nie. Hoekom laat jy dan nie jou ma speel nie?"

"My ma glo dobbel is sonde."

"My ma ook. Is dobbel sonde?"

"Ek weet nie. Behalwe as jy jou kinders se broodgeld weg dobbel. Dan is dit niks minder as steel nie."

"Wat van Einstein?"

"Wat van Einstein?" Ek sien hy weet wat ek bedoel.

"Hy is groot genoeg om vir agtien deur te gaan."

"Behalwe as hy sy mond oopmaak." TC glimlag en ek lag saam. My twee beste vriende. Die een lyk twaalf en klink twintig en die ander een lyk twintig maar klink twaalf. Ek wonder hoe ek vir ander mense lyk en klink.

"Aag, jy praat net groot, man," spot ek hom. "Jy het nie 'n idee nie."

"Is!"

"Issie!"

"Is," hou TC vol. "As ek 'n manier gehad het om 'n kaartjie te kan koop, sal ek jou wys."

Die klok lui terwyl ek nog besig is om planne te maak sodat TC 'n kaartjie kan koop. Ek is seker hy praat net groot, maar met TC weet mens nooit.

"Is dit nog reg vir Saterdag?" Ons stap stadig terug rye toe.

"Reg vir wat?"

"Kom by, ou. Visvang. Het jy jou ma gevra?"

"Jammer. Sy sê dis reg. Sy sal ons wegneem en weer kom haal. Ons het drie stokke wat reg is."

"Wat van die aas?"

"Toemaar, ek en my oupa weet wat die beste aas is. Ons sal sorg."

"Sal ons vir Einstein saamvat?"

"Nee, liewer nie. Ons het net drie stokke. Een vir Oupa, een vir my en een vir jou. Buitendien, hy sal al die visse wegjaag. 'n Man moet geduldig wees agter 'n visstok. Wanneer laas het jy ou Einstein vir langer as 'n minuut sien stil sit?"

"Nog nooit nie." Hy skud sy kop. "Jy's reg. Dan is dit net ons drie."

Voor die klok lui, maak ons eers 'n draai by die naaste toilette want Einstein wil sy hande gaan was. Algoa se toilette is 'n plek waar jy net ingaan as jy moet. Voor jy ingaan, haal jy eers diep asem, doen dan jou ding en kom vinnig uit. Die lug daarbinne is altyd blou van die wie-weet-wat en die ouens wat daar rondhang, hou jou met sulke skrefiesoë dop. Ek en TC wag liewer buite. Voor die deur staan twee graad 9's en kywie hou. Die een pluk TC aan sy mou nader as ons verby wil stap.

"Meneer Slimkop," sis hy deur sy gevlekte tande. Hy is in ons klas en ek dink sy naam is Bradley. Dit is sy tweede jaar in graad 9. "Ek soek 'n opstel by jou vir môre!"

"'n O-o-opstel?" hakkel TC.

"Ja, vir môre se Afrikaans."

"En as ek d-dit nie d-doen nie?" Ek wonder of TC vir tyd wil speel tot Einstein terugkom.

"Dan breek ek elke been in jou maer ou lyfie." Hy lag, maar dit verander gou in 'n hoesbui.

"Goed. Ek sal dit doen. Die probleem is, Juffrou ken my handskrif."

"Maak 'n plan, ou."

"Ek sal dit uittik en dan skryf jy dit net môreoggend oor," probeer TC weer.

"Dit moet 'n goeie opstel wees, gehoor? Ek soek volpunte." Bradley draai om sonder om op 'n antwoord te wag.

"Hoe kan jy so iets doen?" vra ek uit die veld geslaan.

"Toemaar, wag maar tot môre."

Vrydag-oggend

"Bradley?" vra juffrou Lategan vriendelik terwyl sy die opstelle uitdeel. Bradley kyk verbaas op.

"Ja, Juffrou?"

"Dit is 'n besonderse opstel wat jy gister ingegee het."

"Dankie, Juffrou." Bradley glimlag breed.

"Sê my, Bradley, hou jy van Dalene Matthee?"

"Dalene wie, Juffrou? Ek dink nie ek ken haar nie. Is sy in ons skool?" Een of twee kinders begin lag, maar hou vinnig op as Bradley hulle aangluur.

"Nou hoekom is jou opstel dan amper dieselfde as een van haar kortverhale? Nee, nie amper nie. Woord vir woord dieselfde, behalwe vir al die spelfoute. En Bradley, Dalene Matthee is lank gelede oorlede."

Bradley probeer tevergeefs om TC se oog te vang, maar TC is besig om 'n boek uit sy rugsak te haal.

Vrydag-middag

Die bus is laat. Baie laat. TC se fietsketting het gebreek en hy ry ook vanmiddag bus. Of liewer, hy sal as die bus eendag kom. Ons staan in die skaduwee van die enigste koelteboom.

"Ek sal Bradley se gesig nie gou vergeet nie." Ek kan nie help om van vooraf te begin lag nie. "Die een oomblik lyk hy asof hy die jackpot gewen het en die volgende oomblik asof al sy geld in die wind wegwaai."

"Ja, en nou het hy sy mes in vir my," antwoord TC. Hy lyk bietjie bekommerd.

"Julle het al van die eerste dag in graad 8 vasgesit. Hoekom?"

"Bradley verteenwoordig alles wat ek nie wil wees nie. Hy glo die lewe skuld hom iets, net omdat hy bruin is. En as die iets nie toegedraai in geskenkpapier by sy voordeur afgelaai word nie, probeer hy dit met sy vuiste in die hande kry."

"En wat is verkeerd daarmee?" spot Einstein en mik met 'n vuis in TC se rigting.

TC bly 'n oomblik stil. Dan glimlag hy. "My oorlede oupa het altyd gesê: As jy voor 'n toe deur te staan kom, het jy twee keuses: Jy kan die deur oopskop of oopsluit. Oopsluit is mos baie makliker."

"En as die sleutel nie pas nie, kan jy hom dan maar oopskop?" hou Einstein aan.

"Dan soek jy die deur wat by jou sleutel pas."

"Waar kry jy jou sleutel?" vra ek versigtig.

"Die sleutel is kennis. Kennis maak deure oop wat geweld nie kan nie."

"Sjoe." Einstein skud sy kop. "Jou oupa was 'n wyse man."

Die bus kom om die draai en TC tel sy rugsak op. "Ja, hy was. Al kon hy nie lees of skryf nie."

